

6 April

Skrifgedeelte: Eksodus 20:4, 5; Deuteronomium 5:8-10; Hebreërs 1

Fokusgedeelte: Hebreërs 1:1

HK, Vraag 96

In sy genade praat God deur sy Woord

Die HERE is 'n sprekende God. Hy maak Homself bekend deur sy Woord. Hy praat met sy kinders en daarin lê sy groot genade. Hy buig Hom af na ons en praat met ons – deur sy Woord, die Skrif; nie deur beelde nie. Só het Hy dit goedgevind. Hy red en dán gee Hy sy wet, spesifiek sy tweede gebod (Eks 20:4, 5; Deut 5:8-10). Dat God op geen ander wyse aanbid en vereer mag word as wat Hy in sy Woord beveel het nie beklemtoon hierdie geweldige genade van Hom. In die tweede gebod vind ons die *eis* van geregtigheid (sy straf tot in die derde of vierde geslag) en die *belofte* van sy liefde (oorweldigend, tot in die duisendste geslag). In die vervulling van sy verbondsbeloftes, die koms van sy Seun (Heb 1:1), vind ons ook die vervulling van die tweede gebod. Trouens, agter die tweede gebod sien ons die gestalte van ons hoogste profeet, Jesus Christus. Hy sê by geleentheid (Joh 14:9): “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.”

Daarom kom Hy met die *eis* om erns te maak met gehoorsaamheid aan Hom en sy Woord, met die gebod dat ons Hom op geen wyse mag uitbeeld nie. Hy het sy Woord aan ons gegee en sy Woord is genoeg. Daarmee troos Christus ons. Daarmee lei Hy ons. Daarmee bou Hy sy kerk tot Hy weer kom en ons Hom in sy heerlijkheid sal sien. Maar tot dan geld die tweede gebod. Dit is 'n troosvolle gebod, want dieselfde Seun deur Wie God Hom vir ons bekendgemaak het (Heb 1:1), het ons ook van ons sondes gereinig (Heb 1:3). En, “... dit is die liefde tot God, dat ons sy geboorte bewaar ...” (1 Joh 5:3).

Sing: Psalm 89:1, 2, 6 (1937) Dr. VE d'Assonville (Colesberg en Philipstown)

~~~~~